



dewetter


'81

inhoud



biografie C.R. de Wet	1
huiskomitee '81	2
piet prim se boodskap	2
foto-dagboek I	3 - 5
eerstejaars	6 - 7
foto-dagboek II	8 - 10
senior-redenaarskompetisie	11
prosedure	12
sport	13 - 20
pa tienie sê	21
stemmingsblad	22
jan du toit	23
redaksie	24



Christiaan Rudolph de Wet



leier van gister en vandag:



Bron: Prof. M.C.E. van Schoor

Berig: Jan Potgieter

- 7 Okt. 1854: Christiaan Rudolph de Wet word op die plaas Leeukop in die Smithfield-distrik gebore en slyt sy skooljare in Dewetsdorpdistrik.
- 1872: Op skaars 19-jarige ouderdom tree hy in die huwelik met Cornelia Margaretha Kruger.
- 1877: Met die anneksering van Transvaal deur Brittanje huldig hy vir die eerste keer die vryheidsgedagte.
- Met die begin van die Eerste Vryheidsoorlog is De Wet woonagtig in Heidelberg en affilieer by die Transvaalkommando.
- 1890: In hierdie jaar word dié Veldkornet tot volksraadslid vir die wyk Bo-Modderrivier gekies.
- 11 Okt. 1899: Die Vrystaat tree toe tot die oorlog en De Wet sluit aan by die Heidelbergkommando.
- 7 Des. 1899: De Wet word bevorder tot veggeneraal. Na die oorgawe van Genl. Cronje by Paardeberg word De Wet hoofkommandant van Wes-Vrystaat.
- April 1902: De Wet as tydelike staatspresident van die O.V.S.
- 1907: Die Oranjerivier-kolonie kry selfbestuur en Genl. De Wet word verkies tot Minister van Landbou.
- Nov. 1913: Hertzog en De Wet loop uit die Volksraad en stig die Nasionale Party.
- 1914: Generaals De Wet, Beyers en Kemp lei 'n gewapende protes wat oorgaan in 'n rebellie. De Wet word gevange geneem te Vryburg.
- 1915: In sy laaste dae vestig De Wet hom op Klipfontein naby Dewetsdorp.
- 3 Feb. 1922: Op hierdie dag, sterf 'n leier vir vandag en môre en dié Afrikaner word neergelê aan die voet van die Vrouemonument.



Huiskomitee '81

Piet du Plessis (prim), Jannie Meyer (o/prim), Piet van der Spuy, Jan du Toit, Lukas Minie, Phonnie Cilliers, Dawie Mostert.



BOODSKAP VAN PRIMARIUS '81

Piet du Plessis

Waar 1981 reeds in die aand van sy lewe staan, is nog 'n fase in die geskiedenis van Huis C.R. De Wet besig om sy einde tegemoet te gaan. Die feit is dat sy inwoners onlosmaaklik hiermee verbind is. Sommige van ons sal nog volgende jaar of in die volgende paar jaar hierin deel, maar vir baie is dit die einde van hulle pad in die Rooibaksteengebou. Ons almal besef: hier het ons die afgelope jaar iets met mekaar gedeel – hier het ons in ons De Wet se gees voortgebou aan 'n tradisie. Elkeen moet homself egter afvra: wat was my bydrae tot dit wat hier tot stand gebring is?

Ons kan met reg daarop trots wees dat ons huis na hierdie geëerde generaal vernoem is, dat ons sy naam kan dra. Genl. De Wet met sy veggees: "Maar al sou ek deur my teenstaander neergeslaan word, en hy dan sou noem en sê dat die laaste druppel bloed daar uit is, dan sal my antwoord wees: druk maar weer en jy sal nog 'n druppel vind." Hy was 'n Godsmán, 'n volksman. Jan F.E. Cilliers beskryf hom: Sy God, sy land, sy reg, sy eer: dit was sy liefde, dit was sy leer. Mag dit ook van ons gesê word. Mag ons aan die einde van hierdie jaar saam met Paulus uitroep: "Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig, ek het die geloof behou." Mag elkeen van ons ons roeping vervul.

Vir die wat weggaan, sterkte vorentoe op die vreemde, nuwe pad. Mag jy sukses behaal en vreugde vind! En die wat agter bly, geniet dit wat hierdie warmer atmosfeer jou bied. Deel daarin en handhaaf dit wat daar gestel is. Ek hoop dat Huis C.R. De Wet nog baie mooi jare sal beleef, in die afhanklikheid van Ps 127:1 – "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter."

Soli Deo Gloria – aan God al die eer.



semester 1:





Foto-dagboek

Semester I





30 Januarie:

david malan

- 26 jan: 'n nuwe jaar, 'n nuwe dag met nuwe dinge en soms 'n bietjie akademie. ons eeries kom vol matriek hier aan.
- 4 feb: 'n donderstorm, die seniors neem die kampus oor en die jare kan moeilikheid verwag – sonder fisiese kontak.
- 9 feb: vreeslik, feeslik – ons jool ou voël. chris kyk te diep in die vlam...en het "arch eyes". dinge gaan dol en ons kry 5de plek saam met roosmaryn.
- 5 maart: manne ontruim want De Wet word "gepaint".
- 11 maart: ons eindig net na verwoerd in interkoshuis-atletiek.
- 27 maart: eindelijk...gradeplegtigheid.
- 23 april: die kampus is in donkerte gehul. die manne nael en hol links en regs om die koshuis. ma koekies kon net giggel. ???
- 2 mei: die intervarsity teen tukkies word as gevolg van gebrek aan belangstelling afgelas.
- 7 mei: langhuis, heindrich word ingelyf en die res van die tweedejaars kry spreekstem.
- 12 mei: jan du toit haal die gassellespan teen die iere.
- 15 mei: DE WET WEN malhuis: 21-4.
- 23 mei: 'n groot, morsige, lekker, suksesvolle huisfunksie – nè, Phonnie?
- 12 junie: die eksamen en "touchies" begin gelyktydig.
- 20 junie: die h.g.g.o.k. stort in duie. johannes paulus du plessis, 'n stigterslid, raak verloof.

vakansie...





Eerstejaars:

EKSPERIMENT 1 van 1981

DOEL

Die afbreek tot mens-wees en dan die kristallisering tot eerstejaar wees.

APPARAAT

Huis Christiaan De Wet, Die tradisionele groet, GOED ge-oliede hard studerende seniors, Droë onbeholpe verwarde eerstejaar en koshuiskos in die eetsaal.

METODE

Eerstens word van die stille-sosiale-met-die-HK ontspanningsmetode gebruik gemaak, die stap duur ongeveer 7 dae.

Stap twee is die seniors-tref-en-arriveer-tegniek. Die stap is daarop gemik om die jong kristal massa daarop te wys dat hulle onmisbare verband in die samelewing tot hier juis hulle groot misbaarheid is.

Die eksperiment word nou verhit met 'n reeks aan-die-das-rond-lei-sessies waar die laaste onmisbaarheid soos mis voor die son verdwyn.

Nou neem die opbou en uitkristalliseersfase in aanvang.

Nou eers word die geweldige voordeel van slaap tuisgebring, dat dit o.a. moontlik is om treine op terme te koop wanneer jy in die luukse toestand van lewelose rus lewe.

Saam hiermee gaan die heilsame invloed van nederigheid. Die jongeres word naamlik gedistilleer tot 'n laat-sak-jou-dak en groet nederigheid deur gereelde buiging van die rug. Die nederigheid word plotseling uitgevoer wanneer een van die ou desikatore binne sig kom.

Ook vind daar gereelde terapeutiese kommunikasies plaas en wel met weeklikse intervale. Dit geskied naamlik iedere Dinsdagmiddag net na ete in die gesellie. hier word na 'n paar flinke bloedvloei verbeteringsoefe-

ninge 'n eenrigtinggesprek met die "jare" gevoer, waartydens hulle op die duistere heerlijkheid van dom wees as gevaar gewys word.

Nou volg 'n skoling in die nut van naaste diens wat min of meer uit die volgende bestaan: Jaar maak my bed op, Eerstejaar maak vir ons koffie, gaan kaf toe, bel my meisie ens., ens., ens., ens.

Die eksperiment word nou vir 'n ruk gelaat om af te koel, die tradisionele einde-April-tot-predidag-stilte. Na predidag moet die seniors aan hulle opgehoopte akademiese hoop indringende aandag skenk.

Na die vakansie volg nou die finale fase. 'n Groep redelik gevormde eerstejaars kristalletjies word bymekaar gevoeg en senior katalistore met die oplossingsmiddel in bottels of wysakke word toegevoeg. Die reaksie kan aangehelp word indien die katalistore vooraf deur die Tannies geaktiveer is. Die eerste probeerslag slaag gewoonlik nie aangesien die kristalletjies nog dog en nie so goed gekristalliseer is nie, nog 'n rede is ook 'n tekort aan oplosmiddel.

In die finale fase word die kristalle onthef en verhef tot die fase van jong kristalisato waarna hulle gelaat word om te droog en te set in die voorreg van De Wetter wees.





RESULTAAT

Die proef is 90% suksesvol die 10% wat nie suksesvol is nie verdwyn saam met die eiergeel.

GEVOLGTREKKING

Deur die volgehoue pogings van die senior katalistore is amper-studente uit onmisbare ergernisse gevorm.












Foto-dagboek

Semester II

david malan

- 21 julie: die rus was welverdiend, maar ag so kort.
- 25 julie: man en muis van die De Wetters sit reeds 4h00 die oggend en wag vir die bokke se eerste wedstyd – wat 'n jammerlike gemors want dit word afgestel.
- 31 julie: wat 'n naweek! universitas reël 'n inter sonder die oumanne op loch logan – chaos ; sing die heeltyd die student prince (oh wa-tuli).
- 4 aug: shame, die jare word blygemaak met 'n skynonthefing.
- 6 aug: die ware jakob – die jare word régtig onthef.
- 10 aug: 'n tydperk van kritieke evaluasie en uiteindelik hk-verkiesing.
- 12 sept: pedal prix. ons word letterlik in die wiele gery en eindig tweede.
- 14 sept: vergeet-my-nie – nie sommer nie. die hk het 'n onvergeetlike ete gehad.
- 17 sept: s.r.-verkiesing – geluk, manne. dankie, riaan.
- 18 sept: soetdoring, julle is só oulik – ons ssssoen julle sommer!
- 24 sept: ons sêr.
- 25 sept: dis mos net eenkeer 'n jaar dat 'n man formele huisfunksie hou – motors gewas, skoene word in maande gepoleer.
- 27 sept: 'n tradisie, danie van den bergh ervaar die soet van liefde op sy bed – sonder 'n morning glory. in wag-'n-bietjie se voorportaal.
- 1 okt: was dit 'n vakansie?!
- 10 okt: ons bring hulde aan C.R. de Wet. en hobhuis koffie aan ons.
- 19 okt: rampartytjie – en die manne groet.
- 30 okt: predie-dag.





Streeke-reed

Nieuw "snoepie"

Jouwar dat ek nou eens streef, want ek het
my die bek volk geest en die hand van
te streef.





Jy weet, ek het die vorige keer twee keer gekry
want ek het twee vingers van klein fies-
skied dat ek nie sal omgee as jy weer vir
my kom kuier nie (...miskien jy is uitbreide
doortrek)

Ek hoor ons het 'n groot partytjie van van
die dier, ek wil my mooi rabble omstreke van
jy trots sal vers op my!

Tot dan...

Batide

Reinoud J.





Senior Redenaarskompetisie

TOESPRAAK DEUR SY EDELE DIE AD MINISTRATEUR, MNR. L.J. BOTHA, BY GELEENTHEID VAN DIE SENIOR REDENAARSKOMPETISIE HUIS CHRISTIAAN DE WET OP 7 AUGUSTUS 1981

Waar u aan hierdie setel van geleerdheid en kultuurbeoefening op velerlei bedrywig is, is dit prysenswaardig dat daar op u besige program ook tyd vir redevoering ingeruim is. Dit toon dat die studente alhier terdeë bewus is van die waarheid vervat in David J. Brewer se siening van redevoering naamlik: "Die redenaarskuns is die meesterskuns. Poësie, skilderkuns, musiek, beeldhoukuns, argitektuur bevredig besiel, inspireer; maar die redenaarskuns regeer. Die goeie redenaar oorheers diegene wat hom aanhoor, oortuig hulle rede, beheer hulle oordeel, maak hulle optrede verpligtend. Tydelik is hy hulle baas. Deur die helderheid van sy logika, die skerpheid van sy vernuf, die krag van sy oproep, of daardie magnetiese iets wat gevoel maar nie gedefinieer kan word nie, of deur alles tesame, beheers hy sy gehoor soos 'n storm die takke van die woud laat buig."

Hierby kan gevoeg word dat die akteur en die voordragkunstenaar vertolk wat iemand reeds geskep het, terwyl die redenaar self skep en dit wel met die gesproke woord. So word redevoering 'n kuns wat die voortbestaan van die beskawing verseker.

Ook het die verbete vegter, Winston Churchill, wat in die aangesig van die grootste gevaar wat ooit die Britse Eilande bedreig het, vasgebyt en met swaare stem sy medelandgenote geïnspireer met die onvergeetlike woorde: "Ons sal ons Eiland verdedig, wat die koste ookal mag wees. Ons sal veg op die strande, ons sal veg op die landingsterreine, ons sal veg in die heuwels; ons sal nooit oorgee nie!" Gisterk deur hierdie woorde, het die verslae Britte hulle ontworstel aan die ellende en neerslagtigheid en uiteindelik getriomfeer.

Maar die gesproke woord word ook in ons dag *misbruik*. Bandelose vryheid, ook van spraak, kan 'n verleentheid word vir diegene wat die groot verantwoordelikheid het om leiding te gee aan hulle onderskeie lande en in die Raadsale van die wêreld. Hierdie soort vryheid maak 'n klug van die Demokrasie. Want in plaas daarvan dat redevoering die hoorder op 'n verkenningstog neem om nuwe terreine van die lewe te betree, nuwe oplossings aan die hand te doen en te toets en nuwe antwoorde te vind vir die vrae waarmee die laat-twintigste eeuse mens gekonfronteer word, slaag die bandelose, revolusionêre enkeling daarin om met opruiende toesprake en slagspreuke omwentelinge, terrorisme, stakings en onrus te ontketen. Op die wêreldtoneel is daar elke dag voorbeelde hiervan en in 'n tyd waarin die wêreld klein geword het, word ook ons in verre Suid-Afrika binne die sfeer van hierdie wilde uitinge betrek.

Redevoering mag nie toegelaat word om 'n medium te word waardeur die spreker op selfsugtige wyse vir homself eer wil verwerf of alles wil opeis vir sy groep of party nie. Nee, redevoering moet aangewend word in belang van die uitbreiding van God se Koninkryk, die heil van die volk en die welsyn van die naaste.

Suid-Afrika het leiers nodig op alle gebiede – leiers wat bewus is van die ontsaglike verantwoordelikheid wat op hulle rus as invloedryke kommunikatore wat beheer het oor die uitgebreide terreine waar hulle hul invloed laat geld.


Deur te praat, bevredig die mens sommige van sy diepste behoeftes. Daardeur gee hy uitdrukking aan sy uniekheid as mens en dra hy sy persoonlikheid, sy karakter, sy opvattinge, sy houdings, kennis en lewensiening oor. Op dinamiese wyse beweeg hy uit homself en tree in verbinding met die wêreld om hom heen. Die reaksie wat sy woorde uitlok, bied 'n wisselwerking van gedagtes. Met sy verfynde taalinstrument kry hy geleentheid om deel te word van die ontsaglike uitgebreide en komplekse wêreld wat alleen moontlik is omdat hy die taal kan beheers.

Eers in die sewentigerjare het wêreldleiers begin besef dat interpersoonlike kommunikasie, van aangesig tot aangesig, die grootste voorkeur moes geniet. Détente was aan die orde van die dag en ongehoorde skakeling tussen wêreldleiers op persoonlike vlak het moontlik geword.

Groot sukses is behaal deur 'n wêrelddiplomaat soos Henry Kissinger, waardeur bewys gelewer is van die mag van die gesproke woord, die vriendelike glimlag wat meer kan vermag as honderde memoranda, boodskappe en 'n menigte interpretasies en ontledings. Nou, vir die eerste keer het *mense* met *mense* gekommunikeer en was dit nie meer nasies wie se abstrakte ideologieë op wêreldverhoë aan die orde was nie.




U wat aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat die wonderlike geleentheid gebied word om deeglik voorberei te word vir 'n lewe van nasionale diens, kan uself gelukkig ag. En waar u ok die geleentheid kry om die redenaarskuns te beoefen, word u dubbel voorberei vir die eise wat aan u gestel gaan word. U gaan geleentheid kry om leiding te gee in 'n komplekse samelewing, en wie weet watter van u wat vannaand hier deelneem sal dalk binne korte tyd op velerlei terreine u woord moet doen. Mag hierdie byeenkoms dan daartoe bydra om u vir daardie tyd voor te berei. My allesbeste wense vergesel elkeen van u!

Procedure: _____



h.k. '81 - '82

lukas minie (prim)
henry staal (o/prim)
gunther paul
boelie van der westhuizen
andré hugo
fritz weilbach



Vierkant-vas
die kop,
die blik,
die pas,
Wie verskrik,
wie verras,
wie verset
de Wet?

- Jan F.E. Cilliers



Sport


Sportredakteur: Pieter v/d Spuy



RUGBY

J. Oosthuizen

QUADROS
QUADROS
QUADROS
QUADROS
QUADROS
QUADROS




Ons het die jaar goed afgeskop en al ons vriend-
skaplike wedstryde teen naburige dorpe gewen.
Wat die liga betref het ons voorwaar goed gevaar
as ons in ag neem dat daar baie beserings was en
dat van ons manne na hoër spanne getrek is.

Met die besondere jong spanne wat ons in die veld
gestoot het, het ons vriend en vyand verras. Ons
wil graag alle De Wetters bedank vir hulle goeie
ondersteuning en gees wat deurentyd geheers het.

Graag wil ons ook vir ons afrigter, Oom Ernst
Schoeman bedank vir al sy hulp, asook vir Corrie
Odendaal vir sy bydrae.





Rugby I

VOOR: C. Ahrens, J. Meyer, P. Wessels, A. Vorster (Kapt), J. Oosthuizen (Best.), C. Odendaal, R. Laubscher.

MIDDEL: H. le Roux, P. v/d Spuy, B. v/d Westhuizen, A. Myburgh, P. Oosthuizen, K. Etsebeth, F. Schoeman.

AGTER: F. Weilbach, H. Heymans, J. Kotzé, J. Visser, E. Kleynhans, D. Marais, B. Bosch.




Rugby II

VOOR: J. Coetzer, D. Snyman, A. Stanley, L. Germishuizen, G. Paul.

MIDDEL: D. v.d. Bergh, J. Maritz, N. Linde, G. de Coning, L. Botha, N. de Villiers.

AGTER: B. Staal, L. Diener, J. Crause, T. Pearson.



Rugby III

VOOR: D. Mostert, B. Watkins, N. Crafford-Lazarus, J. Roux, C. v/d Merwe.

MIDDEL: A. Kotze, J. Gaugh, G. Volschenk, H. Schmidt, L. Minie.

AGTER: E. Jonker, G. Odendaal, J. de Jonge, L. Ferreira, L. Carstens, P. Rochér.




ATLETIEK

H. Zietsman

De Wet se atletiek het gedurende die seisoen groot hoogtes bereik. Ek wil nie graag die name van uitblinkers noem nie, want almal het 'n groot bydrae gelewer en elkeen was op sy eie gebied 'n uitblikker.

Hierdie mooi samewerking van die manne het ons 'n 2de plek in die inter-koshuisliga besorg. Ek glo met die talente waaroor De Wet beskik, kan ons volgende jaar eerste eindig.



VOOR: B. v/d Westhuizen, P. Blignaut, P. Wessels, H. Zietsman, J. Meyer, P. Oosthuizen, F. Wilbach.

MIDDEL: K. Etsebeth, J. Kotze, F. Kloppers, W. Opperman, A. Hugo, H. van Aardt, H. Heymans, D. Marais, E. Jonker.


AGTER: H. van Aswegen, G. Paul, B. Staal, L. Diener, B. Watkins, G. de Coning, B. Meintjies, J. Haniball, P. Roch r.

LANDLOOP

P. Blignaut

De Wet het vanjaar besonder goed gevaar in die interkoshuis-landloopleftiga. Ons het naamlik die afdeling van A-spanne oorweldigend gewen deur 7 van die 9 wedlope te wen en in die ander twee afdelings, 2de te kom. In die B-afdeling het ons ook redelik maklik gewen, maar in die C-afdeling moes ons tevrede wees met 'n gesamentlike eerste plek.

Verder het Pieter Blignaut die individuele liga gewen en was Eben Jonker een van slegs drie atlete wat in al 9 wedlope onder die eerste twintig kon eindig. Pieter Blignaut is ook gekies vir die OVS o/21 landlooptspan.



VOOR: F. Schoeman, H. Zietsman, P. Blignaut, R. Laubscher, C. Odendaal, S. Minnie, Oosthuizen.

MIDDEL: J. Oelofse, I. Duursema, F. Kloppers, H. van Aardt, A. Hugo, A. Myburgh, Steyn, G. de Coning, J. Roux.

AGTER: E. Jonker, L. Peterson, J. Honiball, W. Opperman, B. Meintjies, D. Marais, Roch r.

MUURBAL

A. Ulyate

De Wet se muurbalspan het hulle weereens goed van hul taak gekwyd en die koshuis se naam hoog gehou in die koshuisliga.

Afgesien van die feit dat toetse die manne se spelery baie beïnvloed het, was die ander spelers altyd bereid om te speel as daar op hul nommers gedruk is.

Baie dankie aan almal wat gespeel het, dit was lekker om as 'n span saam met julle te speel. Ek hoop volgende jaar eindig ons eerste.



VOOR: P. Rochér, C. Odendaal.

AGTER: L. Minie, S. Hansen, F. Schoeman.



Voor: A. Ulyate, F. Schoeman.

Agter: S. Hansen, H. Coetzer, P. Rochér.

TAFELTENNIS

P. Rochér

De Wet se tafeltennisspan het vanjaar te midde van sterk kompetisie baie goed gevaar in die liga. Langs hierdie weg wil ek die manne hartlik bedank vir hul opoffering en lojaliteit. Dit was 'n voorreg om saam met julle te kan speel en mag ons volgende jaar nog beter vaar.

TENNIS

Nicol Linde

De Wet het vanjaar 'n eerste- en tweedespan in die onderskeie ligas ingeskryf.

Die tweedespan het maar swaar geleeft omdat ons gesukkel het om genoeg spelers te kry. Die eerste-span het nie so goed soos verlede jaar in die liga gevaar nie, aangesien Universiteits-spelers ook toegelaat is om vir hul koshuise te speel.

Nogtans spog ons met oorwinnings oor Karee, Glen, Helderse en Malhuis. Met 'n bietjie meer geluk en oefening kon ons beter gevaar het.

Baie danke aan almal wat vanjaar bereid was om ons naam hoog te hou.



VOOR: J. Vorster, N. Linde, F. Schoeman.

Agter: A. Farrel, J. de Jonge, W. van Huysteen, S. Hansen.

HOKKIE

C. de Hoog

Die koshuis het baie goed gevaar in die liga vanjaar, want slegs een wedstryd is verloor: dit was 'n oefenwedstryd teen Koos. Hierdie nederlaag is egter gewreek met 'n gelykop uitslag van 2 elk teen die magtige Reitz.

Die res van die wedstryde is almal gewen. Baie dankie aan al die manne vir die lekker gees en jammer vir die ongerief wat soms deur liga-probleme veroorsaak is.



VOOR: P. Enslin, H. Zietsman, K. de Hoog, G. Secchi, L. Minie.

AGTER: H. van der Walt, G. Paul, E. Kleynhans, W. van Huysteen, D. Thompson, J. Steyn, J. Joubert.



VOOR: K. Brand, S. van Emmenis, N. Suide.
AGTER: J. Kotzé, J. Maritz, H. Coetzer.

PLUIMBAL

S. van Emmenis

Dit het besonder goed gegaan met die Pluimbal hierdie jaar en ons het vierde in die koshuisliga geëindig.

In die begin het ons gesukkel, maar hoe langer die seisoen aangehou het, hoe beter het dit gegaan.

Baie danke aan al die manne wat hulself gestel het.



VOOR: P. Wessels, C. Odendaal, H. Staal, K. Etsebeth, J. Oosthuizen.

AGTER: L. Minie, J. Joubert, A. Vorster, J. Erasmus, H. Coetzer, P. v/d Spuy.

KRIEKET

H. Staal

Na 'n aanvanklike terugslag aan die begin van die seisoen het ons tog die krieket baie geniet. Ons was egter 'n paar keer baie ongelukkig om te verloor met 'n paar lopies, maar aan die ander kant het ons 'n paar "groot spanne" groot laat skrik. Ons het ook 'n paar fondse van die seisoen ontdek, manne wat aanvanklik nie wou speel nie. Baie dankie aan hulle en al die ander spelers wat so getrou geoefen en gespeel het en die spel so entoesiasies benader het.



VOOR: D. van Stryp, J. Kähler, J. Roux.

AGTER: D. Truter.

SKAAK

J. Kahler

In die koshuisliga wat in die eerste semester gespeel is, het De Wet die volgende resultate behaal in die onderskeie afdelings.

AFDELING A: In hierdie afdeling het De Wet se A-span die vyfde plek behaal vanweë die besondere sterk teenstand.

AFDELING B: De Wet se B-span het beter gevaar en was met 'n derde plek baie ongelukkig om nie in die finale rondtes te speel nie.

In die tweede semester het 'n hele aantal spelers van De Wet deelgeneem aan die U.O.V.S.-ope skaakkampioenskap.


WATERPOLO

N. Crafford-Lazarus

Aangesien waterpolo 'n somersport is, strek die seisoen altyd oor 'n Desember vakansie en moet daar in die begin van die nuwe jaar, wat eintlik die helfte van die seisoen is, aan 'n nuwe span gebou word aangesien baie spelers die vorige jaar die koshuis verlaat het.

Nogtans het dit met De Wet se span baie goed gegaan en is slegs twee wedstryde in die liga verloor en beide hierdie wedstryde in die eerste helfte van die seisoen.

'n Baie jong span was dus in 1981 nog onoorwonne en met die soort somer hier word daar met geesdrif uitgesien na die nuwe waterpoloseisoen.



VOOR: A. Burger, A. Stanley, N. Crafford-Lazarus, L. Minie.

AGTER: J. Oosthuizen, A. Ulyate, C. Ahrens, H. le Roux, D. Mostert.



VOOR: A. Ulyate, N. Smit, L. Minie.

AGTER: S. Hansen, D. Thomson, N. Linde, J. Steyn.

VLUGBAL

Nico Smit

Vlugbal of "Volleyball" is die afge-lope jaar toegevoeg tot die sportsoorte wat op 'n koshuisliga-basis tussen koshuise beoefen is. In die verlede is vlugbal slegs as 'n sosiale spel in koshuise self beoefen.

Die belangstelling was oor die algemeen goed, en ek dink De Wet het goed gevaar in die liga deurdat ons 6 wedstryde gewen en slegs 3 verloor het.

My dank aan die span wat gereeld gaan oefen het om later as 'n gedugte eenheid saam te spel.

Sportverteenwoordigers 198



SOKKER

C. de Hoog

Daar was seker nie 'n sportsoort wat met soveel gesdrif gespeel is as sokker nie, en veral die oorwinning oor J.B. M.

Die talent was vanjaar volop en selfs Reitz het amper die onderspit gedelf teen ons. Die manne word almal bedank vir hulle moeite, want dikwels was die speeltje maar moeilik, maar nogtans was die gees baie lekker en ontspanne.

Volgende jaar hou groot beloftes in.

Pa Tienie sê:

Aan al my seuns in Huis De Wet!

In hierdie dae waarin ons jong manne aan die grens en in die vreemde hulle lewens vir ons behoud as 'n christenvolk aflê, bly my gedagtes voortdurend by julle wat al die pad bewandel het waar die vyand se koeëls van julle makkers afgemaai het, of by diegene wat dié pad vorentoe vir die eerste keer of opnuut moet gaan loop.

In my studentejare het daar ook 'n oorlog gewoed. Vir ons as Afrikaners was dit 'n ver en afgetrokke besigheid. Die keuse om daaraan deel te neem het by jouself gelê, hoewel somiges wel aan 'n skreiende intimidasie onderwerp is om wel sogenaamd "vrywillig" te gaan aansluit. Al wat ons as studente gedoen het, was om ons polities daarteen te verset.

Heel anders is dit vandag. Hoewel ons dit nie aldag besef, of graag daaraan wil dink nie, verkeer ons reeds in 'n totale stryd teen 'n Marxistiese oorname van ons land en sy mense. Waar die oorlogswolke destyds ver en afgeleë was, hang hulle vandag dreigend oor ons hoof.

Anders as destyds is daar geen keuse as die oproep kom nie. En tog, in die hart bly 'n diepgaande keuse. Die landswet verplig jou daartoe, maar in die hart kan jy nog steeds onwillig wees.

Maar kan en mag enige Dewetter met 'n onwillige hart teenoor die saak staan. 'n Bevreesde hart wel, want selfs die dapperste mens ken vrees, maar 'n weerspannige hart? Dit mag nie, want dan beteken dit dat jy nie lojaal is aan die hoogste belange van jou land en volk nie.

Was loyaliteit nie die allesoorheersende kenmerk van Christiaan de Wet nie? Nie soseer sy geniale krygsvernuf nie, maar juis sy trou wees aan sy volk en sy God tot die bittereinde toe het hom 'n navolgingswaardige figuur, nie net vir sy eie tyd nie, maar ook vir ons tyd gemaak.


Vandaar sy bekende woorde: "As daar aan die einde van die stryd net twee getroues oorbly, sorg dat jy een van hulle is."


Mag julle Dewetters nie net een van hulle wees nie, maar albei van hulle wees.

Julle is altyd in my gebede.

Groetnis.

Van "Pa."





SO ONTHOU EK OUPA DE WET:

'n Gedissiplineerde en reguit persoon. As hy nie saamgestem het met iets nie, het hy dit reguit gesê en sy mening gegee. So byvoorbeeld die tyd toe ek gebore is, Oupa het so uitgesien na 'n naamgenoot van sy oudste seun Kotie.

Die eerste geboorte was 'n dogter, die tweede 'n dogter en met groot verwagting is die derde een gebore – weer 'n dogter. My vader (Kotie) maak toe die voorstel dat hulle my Christiena Rudolphiena sal doop, maar daartoe was Oupa nie te vinde en sê toe reguit – “vir 'n halwe ding stem hy nie in nie.”

'n Ander geval was toe Oupa vir Kotie die oudste seun die opdrag gee om vir hom 'n goeie en die beste ryperd te gaan koop. Fleur, wat 'n baie betroubare dier was, is gekoop en Oupa was hoog in sy skik met die ryperd, máár die kleur was wit. Hy vra toe: – “My kind, wil jy hê dat die Engelse my maklik op die vlaktes met die wit perd moet sien en moet doodskiet?”

Nieteenstaande die kleur het Oupa en Fleur, wonderbaarlik genoeg, ongedeerd deur die kwaaieste gevegte gekom.

Beste wense vir almal in Huis C.R. de Wet.

Emily Hobhouse Uys, (Geb. de Wet)







redaksie:

Pieter Labuschagne (redakteur);
David Malan (onder-radakteur)
Garnet Leonard, Piet van der Spuy; Christo Marais, Nico Smit.

Ek is seker veronderstel om iets pittig of snaaks te sê, maar al wat ek kan sê is dankie.

Namens die Redaksie hoop ons julle sal die stukkie onthou-jy-nog geniet.

Aan die drukkers, lede van die Redaksie en almal wat die DE WETTER moontlik gemaak het, my opregte dank.

Groetnis

Lappies

